# HOOFSTUK 3

# DIE UNIVERSITEITSTAAK MET BESONDERE VERWYSING NA VOORTGESETTE ONDERWYS

## 3.1 INLEIDING

Sedert die middeleeue word die universiteit as die "eindpunt" van die onderwysinrigtings in 'n onderwysstelsel geag - die hoogste punt van die onderwyspiramiede. Die universiteit is universeel as die leier in die onderwys in die land en dus ook die leier van die onderwys op tersiêre vlak, geag. Voorts is algemeen aanvaar dat nie-universitêre instellings op tersiêre vlak leiding van die universiteit verlang en dit is die taak van die universiteit om hierdie leiding te bied.

Die universiteit het deur die eeue heen 'n tradisioneel-ontwikkelde "al=leenreg" ten opsigte van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens gehad. Met verloop van tyd is die onderrigfunksie ook na ander, en nuwe, inrig=tings afgewentel en het statutêre navorsingsrade in groter mate by navor=sing as sodanig, en nie meer primêr by kennisprobleme nie, belang begin kry. In 'n sin het daar dus 'n "gelykstelling" van die universiteit met ander instansies gekom.

## 3.2 DIE UNIVERSITEIT: WESE, ONTSTAAN EN ONTWIKKELING

### 3.2.1 Die wese van die universiteit

#### 3.2.1.1 Inleiding

Vir die doel van hierdie navorsing word by 'n oorsig oor die *wese van die universiteit,* nie volledig na die beheer en organisasie van die universi=teit, die metodes van onderrig, die outonomie al dan nie van die univer=siteit, statute, reglemente of konstitusies, befondsing van die univer=siteit in sy geheel en ander relevansies verwys nie. Die aandag word slegs bepaal by kenmerke of eienskappe van die universiteit wat dit van ander inrigtings vir hoër onderwys onderskei.

3.2.1.2 Kenmerkende eienskappe van die universiteit

Die universiteit kan met 'n pakhuis vergelyk word sê Schwartz (1969:11), " ... a storehouse of man's knowledge ...." Hierdie kennis word in wese onder meer in boeke, tydskrifte, joernale, verslae, kaarte, mikro= films, lesings, diktate, voordragte, studiegidse en rekenaars "gebêre." Baie van hierdie kennis het deur die eeue heen geakumuleer maar andersyds is baie van hierdie kennis ook nuwe kennis. Dit word bereken dat die mens tans 'n honderd keer meer weet as in die jaar 1900 en dat hy teen die jaar 2000 'n duisend keer meer sal weet as in 1900. Dit is derhalwe nodig dat die universiteit voortdurend nuwe bronne van kennis, byvoor= beeld boeke, moet bybring (Schwartz, 1969:11).

Die profiel van die universiteit word soos volg toepaslik deur Ross (1976:140) beskryf:

> "The university is a small community of intellectually talented people separated from the larger society and united internally by a respect for knowledge and a love of learning that is invol= ved in a search for truth and the perpetuation of high culture and civilized living."

Oor die *organisasie* van die universiteit stel Oosthuizen (1981:IX) dit dat dit 'n uiters komplekse instelling is. Dié kompleksiteit word ook deur Bal= dridge (1978:20) gestel. Universiteite het doelstellings, hiërargiese sisteme en strukture, amptenare wat gespesifiseerde pligte verrig, by besluitnemingshandelinge en beleidmaking betrokke is en met roetine-administratiewe stelsels gemoeid is. Baldridge (1978:20) meen dat dit kenmerkend van vele burokrasieë is, maar dat die universiteit op sy eie unieke wyse verskil. Andersyds sê Balderston (1978:IX) egter dat univer= siteite " ... remarkably flexible and resilient organizations" is (verge= lyk ook Becher en Kogan, 1980:63-65).

Die *wese* van die universiteit word deur sy bestemming bepaal, naamlik om 'n inrigting vir hoër onderwys te wees, " ... 'n middelpunt van geleerd= heid, onderrig en opvoeding" (PU vir CHO, 1973(a):1; vergelyk ook Prange 1982:84). Prange (1982:84) sê voorts dat die universiteit 'n instelling is waar die produk of resultaat van navorsing, studie en onderrig, en die toepassing daarvan, met mekaar geïntegreer is. Die onderrig aan die universiteit is nie algemeen, verpligtend en gratis nie, maar wel spesifiek en bedoel vir uitgesoekte begaafdes, met ander woorde diegene wat die verstandelik-geestelike aanleg of vermoë daarvoor het (PU vir CHO, 1973(a):1).

Die *universele karakter* van die universiteit word uit die Latynse woord universitas, met ander woorde die geheel of die wêreld, gereflekteer. Die universaliteit van die universiteit blyk ook uit sy tweërlei aktiwi= teite, of twee primêre take, naamlik die soeke na kennis en die oordra daarvan aan sy studente (Oosthuizen, 1981:1).

Die universiteit is ook 'n gemeenskapsinstelling omdat dit binne 'n bepaalde gemeenskapsopset bestaan en funksioneer en deel het aan die heersende waardesisteme van die gemeenskap waarvan dit deel vorm (Embling, 1974:28; kyk ook paragraaf 3.4 in verband met die universiteit en die gemeenskap).

*Samevattend kan dit gestel word dat die universiteit 'n inrigting is wat hoër onderwys aanbied, verantwoordelik is vir onderrig en navorsing in basiese en toegepaste wetenskappe, praktisyns vir professies oplei en gemeenskapsgebonde is.*

### 3.2.2 'n Oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van universiteite

Die universiteit is die produk van veranderende historiese, kulturele en maatskaplike omstandighede. Aan die einde van die twaalfde en begin van die dertiende eeue het die totale lewenswyse in Europa onder meer as gevolg van die groei van stede, 'n verandering ondergaan. Die landbou-gerigte kultuur en lewenswyse is tot 'n ekonomies-finansiële en stedelik-georiënteerde kultuur en lewenswyse gewysig. Oosthuizen (1981:4) sê dat die universiteit in hierdie "... tempestuous epoch ..." ontstaan het. Om te voldoen in die behoeftes van die professiebeoefenaars in die nuwe

stede, het die studium universale van die sesde eeu 'n nuwe aansien gekry. Omdat die Woord van God egter as die hoogste waarheid geag is, was dit, ten spyte van nuwe ontwikkelings, vanselfsprekend dat Teologie as die " ... queen of sciences ..." waaraan alle ander wetenskappe ondergeskik was, geag is (Oosthuizen, 1981:4; vergelyk ook Green, 1969:14).

Die beswaar van die Humaniste teen die bepaalde didaktiek in universitei= te het tot hervorming en die stigting van nuwe universiteite gelei, byvoorbeeld dié in Duitsland en staatsuniversiteite in Amerika (Oosthui= zen, 1981:5; vergelyk ook Ellwood, 1976:19).

Gedurende die sestiende eeu is die "alleenreg" van die universiteite om wetenskap te beoefen verbreek en is 'n aanvang met navorsing buite die universiteit gemaak. Navorsing het 'n nuwe tuiste in "akademies van wetenskap", wat regdeur Europa ontstaan het, gevind. Oosthuizen (1981:5) vermeld in diê verband die volgende voorbeelde:

> Academic Francaise (1635); Royal Society of London (1660) en die Royal Prussian Academy of Sciences (1700) (vergelyk ook Scott, 1975:3).

In die negentiende eeu het tegnologiese ontwikkelings dikwels buite die universiteit plaasgevind. Groot handelsondernemings is selde deur universiteitsgraduandi gestig. Andersyds egter, sê Ellwood (1976:19), het universiteite spoedig die noodsaaklike "handperd" vir die vordering van die onderwys geword.

Die groei van burgerlike universiteite soos byvoorbeeld Manchester, Sheffield, Leeds en Birmingham in Engeland, het die behoefte aan tegnolo= giese navorsing en kundigheid beklemtoon (Green, 1969:14). Hierdie feit is ook deur die totstandkoming van Technische Hochschule in Duits= land en die ontstaan en ontwikkeling van staatsuniversiteite in die VSA beklemtoon (Ellwood, 1976:19).

As gevolg van sy bevoorregte posisie in die "onderwyspiramiede" (Ellwood, 1976:19; kyk ook paragraaf 3.2.1.2), het die universiteit 'n spesiale soort organisasie geword wat enersyds verwyderd van sy gemeenskap staan,

maar andersyds " ... yet judging it" (kyk ook paragraaf 3.4 in verband met die universiteit in die gemeenskap).

Die universiteit is tradisioneel as eksklusief beskou omdat slegs die minderheid begaafdes van die bevolking vir opleiding geselekteer is. Hierdie eksklusiwiteit het in die vyftigerjare van die twintigste eeu steeds in die meeste Europese universiteite bestaan, maar het vanaf die sestiger- en sewentigerjare 'n aansienlike wysiging ondergaan (Ellwood, 1976:19).

Die universiteit is ten nouste geassosieer met die soeke na kennis en die waarheid en derhalwe is navorsing en onderrig op die soeke na kennis en waarheid, ter wille van kennis en waarheid self, gerig. Hierdie beginsel het in Europa na aanleiding van die snelle groei van die natuur=wetenskappe in die agtiende eeu begin vervaag, en het nog verder vervaag met die Industriële Revolusie van die negentiende eeu en die Tegnologiese Revolusie van die twintigste eeu. Sedert die Eerste Wêreldoorlog toe die konsepte van kennis en waarheid funksionele betekenis begin verkry het, het navorsing en onderrig ook 'n funksionele en pragmatiese karakter begin verkry.

### 3.2.3 'n Oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die universiteit (vir Blankes) in die RSA

#### 3.2.3.1 Inleiding

Vanweë die feit dat voortgesette onderwys tans nog weinig of geen aandag aan universiteite vir anderkleurige bevolkingsgroepe in die RSA geniet nie (kyk ook hoofstuk 5) en ook vanweë die feit dat universiteite vir anderkleuriges relatief onlangs tot stand gekom het, word vir die doel van hierdie navorsing slegs oorsigtelik op die ontstaan en ontwikkeling van universiteite vir Blankes in die RSA gefokus.

#### 3.2.3.2 Die ontwikkeling van universiteite vir Blankes

In 1858 is 'n *Board of Public Examinations in Literature and Science* daar=gestel om kandidate van verskeie kolleges wat uit sekondêre skole ontwik=kel het, te eksamineer. In 1873 het die *University of the Cape of Good*

*Hope,* gebaseer op die Europese model en spesifiek die Universiteit van London, as eksaminerende liggaam met geen onderrigfasiliteite nie, ont= staan (Hugo, 1941:24). Teen 1910 het dit die *Board of Public Examinations in Literature and Science* vervang en was in daardie stadium verantwoorde= lik vir die eksaminering van agt inrigtings vir hoër onderwys, naamlik die South African College, die Victoria College, Rhodes University, Huguenot Uni= versiteitskollege, Grey Universiteitskollege, Natal University College, South African School of Mining en die Transvaal University College (Behr, 1978:33; vergelyk ook Brooks, 1966:1 en Marcum, 1982:2).

As gevolg van die Universiteit van Suid-Afrika-wet (Wet nr. 12 van 1916) het 'n federale eksaminerende universiteit, naamlik die Universiteit van Suid-Afrika, tot stand gekom (Oosthuizen, 1981:11). Hierdie inrigting het die *University of the Cape of Good Hope* en al die universiteitskolle= ges, naamlik die Rhodes, Hugenote, Grey, Natalse en die Transvaalse Universiteitskollege geïnkorporeer. Die Victoria Kollege (Stellenbosch) en die South African College (Kaapstad) is nie onder die beheer van die Universiteit van Suid-Afrika ingesluit nie. In 1916 het die Victoria Kollege die Universiteit van Stellenbosch en die South African College die Universiteit van Kaapstad geword (Hugo, 1941:25). Die Universiteits= kollege van Potchefstroom het in 1921 'n onderdeel van die Universiteit van Suid-Afrika geword nadat dit vroeër uitsluitlik 'n inrigting vir die opleiding van predikante te Burgersdorp was (kyk hoofstuk 6). Behalwe vir die Hugenote Kollege het al die universiteitskolleges teen 1951 onafhanklike universiteitstatus verkry (Oosthuizen, 1981:11; vergelyk ook Brooks, 1966:3).
In 1964 is die Universiteit van Port Elizabeth as dubbelmedium-universi= teit gestig wat 'n unieke eksperiment in Suid-Afrika was (Oosthuizen, 1981:11).

In 1966 het die Randse Afrikaanse Universiteit uitsluitlik vir Afrikaans= sprekendes in 'n oorheersend Engelstalige gemeenskap, tot stand gekom.

Daar is tans (1984) derhalwe tien residensiële universiteite vir Blankes in die RSA waarvan vyf hoofsaaklik vir Afrikaanstaliges, vier uitsluit= lik vir Engelstaliges en een dubbelmedium. Hierbenewens het die Universiteit van Suid-Afrika in 1945 'n departement van buitemuurse studie=

dies gevestig en deur wetgewing is korrespondensiekursusse ingestel. Dié universiteit het sedert sy vestiging 'n aansienlike aantal anderkleurige studente omdat daar wat dit betref nog nooit enige beperking was nie (Oosthuizen, 1981:12).

Sedert 1978 is daar 'n duidelike beweging ten opsigte van die verslapping van toelatingsvereistes by Blanke universiteite op grond van etnisiteit. Dit is voorts ook deur wetgewing vir Blankes moontlik gemaak om aan universiteite vir anderkleuriges te studeer (Oosthuizen, 1981:12).

3.2.4 Alternatiewe inrigtings vir hoër onderwys

Die wêreldwye tegnologiese ontwikkeling en gepaardgaande uitbreidings oor 'n wye terrein, het ongetwyfeld in die grootste mate tot alternatiewe inrigtings vir hoër onderwys benewens die universiteit gelei (Ellwood, 1976:21).

Universiteite wat tradisioneel die tuiste van die gedragswetenskappe was, was genoodsaak om ook aan tegnologiese studierigtings aandag te gee. Dit impliseer nie dat universiteite altyd tot hierdie wysigings en vernuwings geneë was of dat hulle altyd aan die eise van 'n vinnig-veranderende tegnologie kon voldoen nie. Die groeiende tegnologie het tot die totstandkoming van alternatiewe inrigtings, wat spesifiek op tegniese studierigtings gerig is, aanleiding gegee. Voorbeelde van sodanige inrigtings is onder meer die volgende: Fachhochschule (Duitsland); Grandes E'coles (Frankryk); Tegnologiese Universiteite (Nederland); Amerikaanse Junior Kolleges ("Community Colleges"); Vise Skôle (Joego-Slawië) en Distrikskolleges (Noorweë)(Ellwood, 1976:22).

In Brittanje het 'n verdere ontwikkeling sedert die sestigerjare, naamlik die sogenaamde *"binary policy"* in hoër onderwys tot die stigting van 30 politegniese institute *(polytechnics)* gelei. In dié proses het verskeie kleiner kolleges ook saamgesmelt (Ellwood, 1976:23; vergelyk ook Barnard, 1984:119 oor beheer en finansiering van *polytechnics* en universiteite. Die universiteit is tans nie meer die vanselfsprekende eerste keuse van studente vir tersiêre onderwys nie. Dit word in die vooruitsig gestel dat *polytechnics* in Engeland eventueel dieselfde status as die universiteit

sal geniet. Dit is insiggewend dat toelatingsvereistes vir sommige kursusse by *polytechnics* hoër as by universiteite is (Middlesex Polytech= nic, 1983:12; vergelyk ook Ellwood, 1976:23 en Espach, 1984:3).

Die groot behoefte aan tegniese vaardighede waarmee nie slegs oorsese lande nie, maar ook Suid-Afrika gekonfronteer is, en wat tot 'n onvermyde= like en aansienlike behoefte aan opgeleide mannekrag gelei het, het meegebring dat na-sekondêre opleiding in 'n groter mate as voorheen prak= tyk-georiënteerd moes wees. Hierdie behoefte aan praktyk-georiënteerde opleiding het onder meer tot die ontstaan van technikons in Suid-Afrika gelei. Die technikon voorsien praktiese opleidingskursusse wat 'n aanvul= ling tot die tradisionele akademiese kursusse van universiteite is. Die stelsel van onderrig aan die technikon, waarvolgens akademiese studie met praktiese opleiding gekombineer word, staan as "koöperatiewe oplei= ding" bekend (Marcum, 1982:216-219; vergelyk ook Behr, 1978:313). Marcum (1982:216) vat die belangrikste verskil tussen universiteits- en techni= kon-opleiding soos volg saam:

* universiteite is hoofsaaklik verantwoordelik vir teoreties-akade= miese opleiding;
* technikons voorsien hoofsaaklik praktyk-georiënteerde opleiding.

Benewens na-sekondêre opleiding aan technikons kan ook van landboukolle= ges, mynskole en kolleges vir verpleegkundiges melding gemaak word (Behr, 1978:314-315).

## 3.3 DIE DOEL EN FUNKSIES VAN DIE UNIVERSITEIT

### 3.3.1 Oriëntering

Dit blyk dat daar bykans universele eenstemmigheid oor die doel en funk= sies van die universiteit is, naamlik <u>onderrig</u>, <u>navorsing</u> en <u>gemeenskaps= diens</u>. Weliswaar word beklemtonings- en vertolkingsverskille aangetref maar dit lei <u>nie</u> eventueel tot 'n ander opvatting oor die doel en funksies van die universiteit nie.

Omdat dit vir die doel van hierdie navorsing om die <u>feit</u> dat die basiese funksies van die universiteit onderrig, navorsing (en gemeenskapsdiens) is, gaan, gaan dit nie hier om die metodiek of didaktiek van universi=

teitsonderrig as sodanig nie, en ook nie om die onderskeie navorsings=instansies aan die universiteit of metodiek by dié navorsing nie.

Dit blyk dat by alle universiteite onderrig en navorsing nie losstaande van mekaar is nie, en derhalwe sal onderrig en navorsing ook nie onder aparte hoofde onder die loep geneem word nie.

3.3.2 Die doel van die universiteit, onderrig, navorsing en gemeenskaps=diens

Ten opsigte van die doelstellings van die universiteit vra Baldridge (1978:20) homself die vraag wat die doelstellings van die universiteit is. Hy kom tot die slotsom dat dit 'n moeilike vraag is want 'n omvattende opgawe van doelstellings kan daargestel word. Die doelstellings kan egter soos volg saamgevat word, naamlik:

* onderrig;
* navorsing en
* diens aan die (plaaslike) gemeenskap.

Die doelstellings is nie slegs vaag nie, maar inderdaad ook hoogs aanveg=baar. Terwyl die doelstellings " ... are left ambiguous and abstract, people agree; and as soon as they are correctly specified and put into operation, disagreement arises" (Baldridge, 1978:21).

Om kennis oor te dra (onderrig), kennis te bewaar en nuwe kennis te skep (navorsing) was volgens Schwartz (1969:9) in wese reeds die doelstellings van die wêreld se oudste universiteite in Egipte, Italië en Frankryk (vergelyk ook Du Plessis, 1969:59).

In die middeleeuse universiteit is die konsep van onderrig in die sin van tradere gebruik, dit wil sê die oordra van kennis van geslag tot geslag. In die kontemporêre tegnologiese universiteit egter, het die konsentrasie van wetenskaplike gebeure en tegnologiese prosesse grootliks die soeke na kennis in die filosofiese konteks daarvan, vervang (Oosthui=zen, 1981:1).

In ŉ bekendstellingsbrosjure van die PU vir CHO (1973(a):1) word dit gestel dat die funksie van die universiteit uit die wese van die universiteit af te lei is, en dat die funksies (samevattend) soos volg is: die beoe= fening van die wetenskap in al sy vertakkinge, navorsing en die toerus van mense (deur onderrig) om ŉ professie, en voorts ook die staat= kunde, kultuur en kuns te beoefen en te waardeer. Dit word voorts gestel dat die wese en funksies van die universiteit selfs al sy doen en late bepaal. Dit is verder ook " ... die grondslag vir sy beheerstruktuur, sy vryheid en gebondenheid" (PU vir CHO, 1973(a):1) en sy verhouding tot die staat en die maatskappy (vergelyk in verband met die onderrigtaak en wetenskapsbeoefening van die universiteit ook Brüggemann-Kruijff, 1977:1).

Strydom (1984(c):3) haal ten opsigte van die doel en funksie van die Suid-Afrikaanse universiteit, die volgende standpunt van 1982 van die Minister van Nasionale Opvoeding aan:

> "Dit word algemeen aanvaar dat Suid-Afrikaanse universiteite, soos toonaangewende universiteite wêreldwyd, as hoofdoelwit streef na wetenskapsbeoefening van hoë gehalte, met die oog op onder andere hoëvlak-beroepsvoorbereiding. Dit word aanvaar dat alle werksaamhede van universiteite binne die raamwerk van hierdie oorkoepelende doelwit moet geskied. Die universiteit het by uitstek die taak om deur al sy bedrywighede doelbewus daarna te streef om die student as mens in die wydste sin van die woord te vorm. Die verruiming van ŉ student se kulturele en intellektuele horison, sy intellektue= le vaardighede en sy opvoeding tot ŉ selfstandige persoon is inge= sluit by die hoofdoelwit van die universiteit ."

Na aanleiding van hierdie beleidsdokument het die Komitee van Universi= teitshoofde in 1984 die rol van die universiteit soos volg gestel (Stry= dom, 1984(c):4):

* om aan studente ŉ algemene opvoeding te bied;
* om hoëvlakmannekrag op te lei;
* om gemeenskapsdiens te verrig waar moontlik.

Die ineengevlegdheid van die drie basiese funksies van die universiteit, waarna reeds verwys is (kyk paragraaf 3.3.1), naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens, word treffend deur Van der Walt (1981:12) geïllu= streer as hy dit stel dat " ... natuurlik moet ons die een doen sonder om die ander na te laat." Hy sê voorts ook dat " ... oordra van kennis voortdurend deur die ontginning van nuwe kennis gestimuleer moet word." Die gemeenskapsdiensfunksie kom dan in hierdie geval ter sprake omdat al hierdie kennis tydig en raak tot beskikking van die hele gemeenskap met hulle spesifieke node en behoeftes gestel moet word (kyk paragraaf 3.4 in verband met gemeenskapsdiens; vergelyk ook Van der Walt,T, 1978:7).

'n Geringe variasie in die omskrywing van die onderrigtaak van die univer= siteit word deur Embling (1974:28) gestel. Hy onderskei naamlik tussen "elite"-funksies en "populêre" funksies van die universiteit. "Elite-" funksies impliseer kultuuroordrag, die skep van nuwe kennis en vorming van die "elite"-groepe in die samelewing. Hierteenoor is die "populêre" funksies die reaksie op eksterne behoeftes, naamlik om te voorsien in die behoefte aan kennis soos en wanneer die behoefte daaraan ontstaan. (Opvallend is die feit dat Embling nie melding maak van navorsing nie, tensy dit geïmpliseer word deur "die skep van nuwe kennis" - JBE).

Daar is algemene instemming oor die doelstellings van universiteite, maar daar is egter wel ook beklemtoningsverskille. Die mees algemene standpunt is dié dat die universiteit intens by die soeke na kennis ter wille van kennis betrokke moet wees. Voorts moet die volkskultuur behou word, want dit is " ... predominantly scientific ..." en behoud daarvan is derhalwe 'n belangrike taak van die universiteit (Brook, 1965: 10).

Ofskoon daar beklemtoningsverskille oor die taak van die universiteit is, is daar andersyds duidelike ooreenstemming oor die fundamentele taak van die universiteit, naamlik om navorsing met onderrig te kombineer (Brook, 1965:12; vergelyk ook Du Plessis, 1969:63).

Ten opsigte van die universiteit se navorsingstaak wys Brook (1965:13) daarop dat dit nie slegs die prerogatief van die universiteit is nie, omdat professionele rade en die handel en nywerheid ook navorsing doen.

Die universiteit is nie slegs 'n navorsingsentrum nie, maar lei ook persone op om elders navorsing te doen, byvoorbeeld in die nywerheid, handel, tegnologie en staatsdiens (Axelrod, 1969:179). Dit is inderdaad ook in die RSA die geval, byvoorbeeld navorsing wat deur die WNNR, SABS, RGN en Staatsdepartemente onderneem word). Desnieteenstaande is navorsing 'n uiters belangrike en noodsaaklike taak van die universiteit.

Die doel van universiteitsonderrig is drievoudig, naamlik:

* om die individu in sy algemene ontwikkeling en aanpassing by sy omgewing te steun;
* om studente vir professies te skool deur aan hulle relevante kennis en kundighede oor te dra, en
* om die gemeenskap van 'n opgeleide leierskorps, vir wie se oplei=ding hoër onderwys noodsaaklik is, te voorsien (Carmichael, 1959: 84).

Indien enige van hierdie drie doelstellings nagelaat, of óórbeklemtoon word, word die balans van die onderrigtaak en gevolglik ook die balans van die totale universiteitstaak, versteur.

Joubert (1982:13) deel hierdie siening as hy dit stel dat die universiteit se <u>eerste funksie</u> altyd 'n <u>akademiese</u> een is, naamlik <u>onderrig.</u> Navor=sing en dienslewering moet altyd akademies verantwoordbaar bly (vergelyk ook Van der Walt,T, 1978:7).

Benewens die basiese funksies van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens, of deur middel daarvan, <u>kweek</u> universiteite ook <u>leiers</u> wat in vele opsigte in die gemeenskap optree. Aldus sê Kertesz (1971:XVII) dat die universiteit lank nie meer 'n "ivory tower" is nie (vergelyk ook Van der Walt, 1981:2). Akademici verbonde aan universiteite, en wat derhalwe deur universiteite opgelei is, is by maatskaplike veranderings van "hierdie eeu" (Kertesz, 1971:XVII) betrokke (in die RSA dien ter illustrasie maar verwys te word na akademici wat lede van owerheidsinstel=lings is, byvoorbeeld lede van die Presidentsraad -JBE). 'n Verdere voorbeeld van leidinggewing is volgens Thom (1967:46) te vind in die feit dat die universiteit die taak het om studies te bevorder, navorsing te doen en <u>na die waarheid te soek</u>. In dié proses moet leiding gegee word. Universiteite gee leiding aan die gemeenskap wat dit in die eerste

instansie versoek, maar gee voorts ook leiding aan die hele land (kyk ook paragraaf 3.4 in verband met die universiteit in die gemeenskap).

Die vorming van leiers op haas elke terrein van die lewe is een van die belangrikste take van die universiteit (Bingle,1969(a):12). Die uni=versiteit sal moet voortgaan om mense te lewer wat gekenmerk word deur deeglike wetenskaplike kennis, 'n wye historiese perspektief, skerp onderskeidingsvermoë en rustige oordeel. Suid-Afrikaanse universiteite behoort dus deur wetenskapsbeoefening voort te gaan om leiers vir alle gebiede op te lei (Louw, SANSO,115, 1982:15-16).

Samevattend, vir die doel van hierdie navorsing, kan die funksies van die universiteit derhalwe soos volg gestel word (kyk ook paragraaf 3.2.1.2):

* wetenskapsbeoefening deur onderrig en navorsing;
* leierskapopleiding, en
* gemeenskapsdiens.

## 3.4 DIE UNIVERSITEIT EN DIE GEMEENSKAP

### 3.4.1 Inleiding

Ewenas primêre en sekondêre onderwysinrigtings is universiteite ook gemeenskapsgebonde. Die mate van gebondenheid verskil weliswaar omdat die skool in groter mate direk aan sy plaaslike gemeenskap gebonde is, want die leerlinge word grotendeels uit die direkte plaaslike omgewing getrek. Hierteenoor trek die universiteit in geringer mate as die skool sy studente uit sy plaaslike omgewing. Die feit dat die merendeel studen=te koshuisgangers is en ook omdat universiteite in spesifieke vakgebiede (byvoorbeeld mediese en tandheelkundige studies en teologie) spesialiseer en ook om ander redes, bring mee dat vele plaaslike studente na universi=teite in ander sentra gaan.

Die universiteit het desnieteenstaande 'n besliste verpligting teenoor sy plaaslike gemeenskap. Hierdie verpligting kan nagekom word deur onder meer voortdurend sy kennis en kundighede by wyse van voortgesette onderwysprogramme in alle variasies, aan die gemeenskap beskikbaar te stel. Die universiteit het hierdie verpligting benewens sy taak om

voortdurend aan sy afgestudeerdes by wyse van heropleiding nuwe kennis te bied.

### 3.4.2 Die universiteit in diens van die gemeenskap

#### 3.4.2.1 Die RSA

Dit word soms betoog dat die universiteit bestaan om die wetenskap te dien en niks anders as die wetenskap nie. Thom (1967:43) sê dat hierdie betoog aanvaarbaar is mits in ag geneem word dat die wetenskap nie los van die mens en die maatskappy staan nie. Die wetenskap "leef" immers in die menslike verstand en hou hom op talle terreine met verskynsels wat met die mens en met die menslike maatskappy te make het, besig. Dit sou derhalwe meer korrek wees om dit soos volg te stel: die univer= siteit is daar om die wetenskap te dien en deur die wetenskap die mens en die maatskappy (Thom, 1967:43; vergelyk ook Van der Walt,T, 1978:7).

Terwyl dit dan tereg gesê kan word dat die universiteit die maatskappy dien, moet dit ook in ag geneem word dat die maatskappy soms (byvoorbeeld die RSA) nie net uit een homogene groep bestaan nie. Daarom kom dit in die RSA en elders ook voor dat, ofskoon 'n universiteit die belange van die maatskappy as geheel op die hart dra, hy tog in die eerste plek die belange dien van die gemeenskap waaruit hy voortgekom het, en waaruit hy hoofsaaklik sy studente trek (Thom, 1967:43; vergelyk ook Oosthuizen, 1981:IX).

Ten opsigte van die diens van die universiteit aan sy gemeenskap konsta= teer Bingle 1969(a):12) dat die " ... terrein van aktiwiteit ..." van die universiteit die hele lewe is, maar dat sommige fasette meer direk as ander figureer. Die kerk, staat, kultuur, maatskappy en beroepsle= we het almal raakpunte en kom derhalwe onder die invloed van die univer= siteit en beïnvloed uiteraard op hul beurt ook weer die universiteit.

Die unieke van 'n universiteit is daarin geleë dat sy onderrig en navorsing nie twee losstaande komponente is nie, maar dat hy die een kan doen terwyl hy met die ander besig is, " ... en dit alles op diens aan die gemeenskap kan laat uitloop" (Van der Walt, 1981:14). Gemeenskapsdiens

is " ... die derde been van ons taak" (Van der Walt, 1981:16). Die Buro vir Voortgesette Onderwys en sy medewerking met andere (byvoorbeeld: die Studentegemeenskapsdiens) om diens aan die universiteit se gemeenskap te lewer, word spesifiek vermeld (Van der Walt, 1981:16).

Omdat die samelewing die ontstaansbodem, finansiële borg en "pleegvader" (verskaffer van emosionele sekuriteit) vir die universiteit is, kan die universiteit hom nie losmaak van die samelewing waarbinne hy funk= sioneer nie. As teenprestasie vir sy insette hoop die samelewing op voordeel vir die gemeenskap (gemeenskapsontwikkeling) en nie net die individuele ontwikkeling van die student of dosent nie (Coetzee, 1984:8).

Hierdie siening word ook deur Strydom (1984(b):2) gedeel as hy dit stel dat die toenemende vervlegtheid van wetenskapsontwikkeling en -toepassing met die gemeenskap, die universiteit steeds meer gaan dwing om sy doel en funksies van onderwys en navorsing aan die samelewing diensbaar te maak.

3.4.2.2 Oorsese lande

Omdat dit blyk dat die oorsese opvatting oor die taak van die universi= teit ten opsigte van gemeenskapsdiens in wese met die Suid-Afrikaanse opvatting ooreenstem, sal volstaan word met enkele opmerkings ter illu= strasie.

Die universiteit het 'n duidelike verpligting teenoor sy plaaslike gemeen= skap en wel deur "extension activities" (verlengde onderrig)(Bereday, 1973:130-131). Hier word spesifiek na volwasse onderwys verwys, byvoor= beeld indiensopleiding, opleiding vir ander of nuwe beroepe en algemeen= vormende en kultuurverrykende programme. Dié vorm van onderwys is spon= taan, op ad hoc-basis, behoeftebevredigend en sonder die gewone reëls en regulasies wat gewoonlik by hoër onderwys geld. Dit is belangrik om te vermeld dat hierdie onderwys vir almal toeganklik is en dat 'n voorafkwalifikasie nie vereis word nie. Dit is voorts belangrik om daarop te let dat Bereday (1973:131) dit pertinent vermeld dat die <u>gemeen= skapsdiens</u> van die universiteit <u>voortgesette onderwys</u> is.

Twee gedagterigtings ten opsigte van die universiteit en gemeenskapsdiens in die VSA word deur Kerry-Smith (1970:105) vermeld, naamlik dat gemeen= skapsdiens aanvanklik op die landbou en meganiese toegespits was en mettertyd na ander dissiplines uitgebrei het. Hierteenoor is daar die "ivory tower"-universiteite (Kerry-Smith, 1970:105) waar die meeste aandag aan onderrig en navorsing gewy word en 'n lae premie op gemeen= skapsdiens geplaas word.

Verskillende universiteite verskil in hul interpretasie van wat gemeen= skapsdiens behoort te behels. Voorts het die gemeenskap ook verskillende verwagtinge van die universiteite in hierdie verband. Benewens die feit dat die universiteit dit as sy plig ag om gemeenskapsdiens te lewer deurdat hy sy kennis en kundighede aan die gemeenskap oordra, het hy ook 'n plig tot die maatskaplik-sosiale opheffing van die gemeenskap waaruit hy sy studente trek en finansiële steun verkry. Ter illustrasie van die omvang en waarde wat aan gemeenskapsdiens geheg word, word na die universiteit van Nebraska verwys wat sê dat " ... the entire state of Nebraska is the campus of the university" (Frankel, 1959:105).

Die feit dat die Amerikaanse universiteit vir dekades reeds 'n groot premie op gemeenskapsdiens geplaas het, word deur die feit dat Benjamin Franklin reeds in 1750 gemeenskapsdiens as taak van die Philadelphia College gestel het, geïllustreer. Nie-gegradueerdes is vir loopbane in die handel en landbou opgelei. Dit was 'n radikale afwyking van die Europese beginsel, maar Franklin het die standpunt gehuldig dat " ... education should serve mankind" (Carnegie, 1975:191).

Na analogie van Duitse universiteite het Amerikaanse universiteite metter= tyd op politieke en ekonomiese gebied belangrike gemeenskapsdiens gelewer (Carnegie, 1975:191). Gemeenskapsdiens deur Amerikaanse universiteite het uitgebrei todat die eens radikale konsep tans as die "sine qua non" van die Amerikaanse universiteit aanvaar is, en deur hoër onderwysinrig= tings in vele ander lande nageboots is (Carnegie, 1975:191).

Hesburgh (et al., 1973:59) sê dat die oorsese universiteite sonder keuse by gemeenskapsvraagstukke betrokke is. Universiteite sal voortgaan om verskeie vorme van verbintenisse met die gemeenskap te hê en meer sodanige verbintenisse kan voortaan nog ontwikkel.

### 3.4.3 Interaksie tussen die universiteit en die gemeenskap

Porter (1971:13) gee 'n getabelleerde uiteensetting van die wisselwerking tussen die universiteit en die gemeenskap en na aanleiding van dié tabel vra hy die volgende vrae:

* aan wie is die universiteit verantwoordelik?;
* in welke mate moet die universiteit met inagneming van sy magdom intellektuele en fisiese bronne, reageer op die regverdigbare versoeke (en selfs eise) van die gemeenskap om met die oplossing van dringende maatskaplike probleme behulpsaam te wees?;
* in welke mate is samewerking tussen die universiteit, staatsdepar= temente en die handel en nywerheid nodig in die bestudering van hierdie maatskaplike vraagstukke? Porter (en ander skrywers, byvoorbeeld Frankel, 1959:110), beklemtoon dit dat betrokkenheid van die universiteit by die gemeenskap nie tot minder klem op die twee primêre funksies van die universiteit moet lei nie, naamlik onderrig en navorsing (kyk ook paragraaf 3.4.5.6 in verband met die voorwaardes vir gemeenskapsdiens);
* hoe kan die universiteit sy rol as "vertolker" van maatskaplike en tegnologiese veranderings vervul sonder voortdurende kommunika= sie met die gemeenskap?

Porter (1971:13) konkludeer dan dat hierdie vrae kompleks is en dat dit 'n belangrike invloed op die toekomstige evolusie van die universi= teit sal hê.

In aansluiting by die vrae van Porter kom Strydom (1984(b):3) ook met 'n aantal belangrike vrae naamlik:

* moet die universiteit 'n bydrae tot die verandering en verbetering van die samelewing lewer?;
* hoe moet die eventuele gemeenskaps- of samelewingsgerigtheid van die universiteit gestalte kry?;
* neem aktuele maatskaplike vraagstukke 'n sentrale plek in die

universiteitsopset in?;

* hoe kan die universiteit tot die verbetering van maatskaplike geleenthede vir minderbevoorregte groepe bydra?

3.4.4 Indirekte gemeenskapsdiens

Verskeie skrywers (byvoorbeeld De Lange, 1983:3; Oosthuizen, 1981:IX en Philp, 1964:92), verwys na indirekte gemeenskapsdiens. Voorbeelde hiervan kan onder meer die volgende wees:

* hegter en begripvolle kommunikasie tussen die universiteit en die gemeenskap (Philp, 1964:92);
* navorsing oor gemeenskapsaangeleenthede (Philp, 1964:92; vergelyk ook De Lange, 1983:3);
* die opleiding van gemeenskapsdienswerkers wat diens aan die ge= meenskap kan lewer. Die universiteit beskik nie altyd oor die mannekrag en middele om kursusse vir die gemeenskap aan te bied nie. Die klem val met hierdie vorm van gemeenskapsdiens derhalwe nie op die diens as sodanig nie, maar wel op die opleiding van persone wat die diens kan lewer (De Lange, 1983:3);
* die universiteit kan deur sy formele onderrigtaak as 'n instelling wat deur die gemeenskap daargestel is, die gemeenskap se tradisies en lewenspeil handhaaf en ook bevorder;
* die universiteit kan ook indirekte diens aan die gemeenskap lewer deur bloot sy fisiese geriewe aan die gemeenskap beskikbaar te stel sonder om noodwendig self betrokke te wees by aktiwiteite wat in dié geriewe deur gemeenskapsinstellings aangebied word, byvoorbeeld lokale, ouditoriums en sportgeriewe (Hesburgh et al., 1973:55).

3.4.5 'n Model van 'n gemeenskapsdiensbeleid

3.4.5.1 Inleiding

'n Beleid vir gemeenskapsdiens deur die PU vir CHO is gedurende 1984 aanvaar (PU vir CHO, 1984:25). Dié beleid bevat verskeie aspekte van gemeenskapsdiens waarna reeds in hierdie hoofstuk verwys is (kyk onder

meer paragraaf 3.4.1), maar dit word desnieteenstaande volledig weergegee.

3.4.5.2 Begripsomskrywing

Gemeenskapsdiens is die beskikbaarstelling van die universiteit se hulp=bronne en vermoëns aan die gemeenskap met die doel om bepaalde behoeftes te bevredig of om probleme in die gemeenskap op te los. Gemeenskapsdiens hou verband met die onderrig- en navorsingstaak van die universiteit (kyk ook paragraaf 3.3.2) en voortgesette onderwys kan as voorbeeld van gemeenskapsdiens genoem word.

3.4.5.3 Die doel van gemeenskapsdiens

Die doel van gemeenskapsdiens kan soos volg opgesom word:

* die daarstel van geleenthede vir voortgesette onderwys wat tot die beskikking van die hele gemeenskap is;
* die aanbied van kultuurverrykende en algemeenvormende programme;
* die benutting van die geleentheid om die Christelike karakter van die universiteit uit te dra en uit te bou (kyk ook hoofstuk 6);
* samewerking met ander instansies, indien nodig, in die aanbieding van gemeenskapsdiensprogramme;
* die beskikbaarstelling van die universiteit se navorsingsgeriewe en -kennis en kundighede aan die gemeenskap.

3.4.5.4 Die uitgangspunte met gemeenskapsdiens

Alhoewel gemeenskapsdiens 'n <u>sekondêre funksie</u> van die universiteit is, vertoon dit desnieteenstaande 'n sekere <u>noodwendigheid</u> wat op die volgende berus:

* die beginselgrondslag waarop die PU vir CHO wetenskap beoefen, verg aksies op die gemeenskapsdiensvlak wat nie noodwendig by ander univer=siteite aangetref word nie;
* die vraag na geskoolde arbeid;
* die formele stelsel van onderwysvoorsiening kan nie alleen in

dié vraag na opgeleide mannekrag voorsien nie;

* die groot finansiële belegging in fasiliteite by die universiteit wat in 'n groter mate benut behoort te word;
* die posisie van die universiteit as leidinggewende inrigting in die samelewing;
* versnelde tegnologiese ontwikkeling en gepaardgaande veroudering van kennis wat periodieke heropleiding noodsaak (kyk ook para= graaf 1.1);
* die lewering van 'n teenprestasie aan die gemeenskap vir steun verleen aan die universiteit;
* 'n gesonde wisselwerking tussen die gemeenskap en die universiteit.

3.4.5.5 Verwesenliking van die gemeenskapsdiensbeleid

Hierdie gemeenskapsdiensbeleid kan onder meer soos volg verwesenlik word:

* die universiteit moet fasiliteite vir gemeenskapsdiens voorsien en instandhou;
* die universiteit moet voorts personeel en fondse vir gemeenskaps= diens beskikbaar stel;
* fakulteite moet voortdurend met instansies (byvoorbeeld die Buro vir Voortgesette Onderwys) skakel in verband met besondere behoef= tes aan gemeenskapsdiens ('n bepaling in hierdie verband is inder= daad in die reglement van die Buro vir Voortgesette Onderwys ingesluit; kyk hoofstuk 6);
* die Buro vir Voortgesette Onderwys moet in 'n hulpverlenende, ondersteunende en stimulerende hoedanigheid ten opsigte van ge= meenskapsdiens optree en waar doenlik gemeenskapsdienste op ver= skillende vlakke inisieer, beplan en koördineer (kyk ook hoofstuk 6).

### 3.4.5.6 Voorwaardes vir diens deur die universiteit aan die gemeenskap

Benewens die feit dat óórbeklemtoning van gemeenskapsdiens moontlik tot minder aandag aan die primêre funksies van onderrig en navorsing kan lei (kyk ook paragraaf 3.3.2), kan die volgende voorwaardes vir gemeenskapsdiens deur die universiteit ook vermeld word (University of Cape Town, 1981:135):

* betrokkenheid by 'n gemeenskapsdiensprojek moet voldoen aan akade= miese kriteria, daar kan byvoorbeeld 'n navorsingselement betrokke wees (vergelyk ook Frankel, 1959:110);
* die betrokkenheid moet sodanig wees dat dit aan die universiteit die geleentheid bied om die inisiatief te neem in 'n projek wat moontlik andersins nie sou gematerialiseer het nie;
* die betrokkenheid moet aan dosente, en waar moontlik aan studente, die geleentheid bied om verdere kennis buite die formele onderrig= situasie, op te doen (vergelyk ook paragraaf 3.4.5 in verband met 'n gemeenskapsdiensbeleid);
* universiteite moet nie só in dienslewering deur beroepsvoorberei= ding opgaan dat die wetenskaplike vorming van studente agterweë gelaat word nie. Dit bly steeds die primêre taak van die univer= siteit om "produkte" te lewer wat in die eerste plek fundamen= teel-wetenskaplik geskool is (Louw, SANSO,115, 1982:11-12).

## 3.5 DIE TAAK VAN DIE UNIVERSITEIT IN DIE VOORSIENING VAN VOORTGESETTE ONDERWYS

### 3.5.1 Inleiding

Uit die voorafgaande afdelings van hierdie hoofstuk blyk dit dat die taak van die universiteit <u>onderrig</u>, <u>navorsing</u> en <u>gemeenskapsdiens</u> is (kyk paragraaf 3.3). Dit blyk ook voorts dat met gemeenskapsdiens onder meer voortgesette onderwys geïmpliseer word (kyk paragraaf 3.4.5). Dit kan derhalwe as aksioma gestel word dat die universiteit 'n besliste taak het om benewens formele opleiding aan toekomstige professiebeoefe= naars en die voortdurende soeke na nuwe kennis, ook aktief betrokke te wees by <u>voortgesette onderwys.</u>

In hierdie afdeling sal verdere aandag gegee word aan die noodsaak van die voorsiening van voortgesette onderwys deur die universiteit, dit wil sê, die her- of indiensopleiding van afgestudeerdes (waar dit gaan oor die bring van mense tot op 'n vlak waar hulle 'n bepaalde taak kan verrig), voortgesette onderwys (wat 'n noodsaaklike en integrerende kompo= nent van enige onderwysstelsel behoort te wees en wat vir beide mannekrag= behoeftes en potensiaalverwesenliking van die inwoners van die land noodsaaklik is).

### 3.5.2 Die noodsaak van die voorsiening van voortgesette onderwys deur die universiteit

"De mens heeft een voortdurende herstructurering van zijn kennis nodig," sê Brüggemann-Kruijff (1977:53), en voorts ook dat dié herskoling 'n taak van die universiteit is (vergelyk ook De Lange, 1983:2). In hierdie verband word die mening selfs gehuldig dat formele tersiêre onderwys moontlik verkort kan word want dit is nodig " ... dat men na zijn studie telkens naar de universiteit terugkeert" (Brüggemann-Kruijff, 1977:53). Die stelling dat die universiteit 'n plig teenoor sy afgestudeerdes het, naamlik om hulle in hulle behoeftes wat hulle gedurende hulle beroepsloop= baan gaan ondervind, by te staan, word deesdae vry algemeen gemaak. Derhalwe moet daarvoor voorsiening gemaak word dat afgestudeerdes op 'n gereëlde basis vir korter of langer tydperke na die universiteit terug= keer ten einde opknappingskursusse by te woon en nuwe kennis te ontvang (De Vries, 1982:2).

Prange (1982:81) deel hierdie sienings van Brüggemann-Kruijff en De Vries en stel dit dat werkgewers in die toekoms minder gesteld sal wees op akademiese kwalifikasies wat aan die universiteit verwerf is, en meer waarde sal heg aan die wyse waarop kandidate " ... keep abreast of a rapidly changing world ...." Hierdie bybring van kennis kan waar= skynlik op die voordeligste wyse deur die universiteit gedoen word. Universiteite kan hierdie taak egter nie alleen uitvoer nie en die hulp van ander instansies, byvoorbeeld werkgewers (met insluiting van opleidingsentra), die staatsdiens, handel en nywerheid, is ook nodig.

Die universiteit is by uitnemendheid in die posisie om die professie= beoefenaar voortdurend op die hoogte van nuwe ontwikkelinge op die vakge= bied te hou. Akademici behoort deur middel van navorsing en voortdurende studie deurentyd van die nuutste ontwikkelinge bewus te bly (Carmichael, 1959:84; vergelyk ook (Hesburgh et al., 1973:21; Drucker, 1964:95).

Die beginsel van voortgesette onderwys is inderdaad een van die mees stimulerende en belowende konsepte waarmee universiteite gedurende die afgelope jare te make gehad het. Dit behoort aansienlike wysigings in kursusstrukture mee te bring, byvoorbeeld meer deeltydse alternatiewe benewens die reeds bestaande voltydse kursusse. Formele tersiêre oplei= ding sal sodanig moet wees dat die student inderdaad genoodsaak word om periodieke voortgesette onderwys te ontvang en voorts ook dat teoretiese opleiding in groter mate met praktiese ervaring afgewissel moet word (Embling, 1974:220).

Die volgende redes waarom die universiteit in die voorsiening van voortge= sette onderwys 'n taak het, kan voorts ook aangedui word:

* 'n aansienlike persentasie van die bevolking ontvang vanweë ander redes as verstandelike onvermoë, nie universiteitsopleiding nie. Die universiteit kan deur middel van voortgesette onderwys in dié leemte voorsien;
* gegradueerdes mag op 'n latere stadium, byvoorbeeld wanneer hulle bestuursposte beklee, 'n behoefte aan verdere opleiding ervaar wat waarskynlik op doeltreffende wyse deur die universiteit voor= sien kan word;
* die universiteit kan vanweë sy kennis en kundigheid op die voorde= ligste wyse in die " ... periodic updating ..." van kennis van professiebeoefenaars voorsien;
* deur middel van voortgesette onderwys kan die universiteit 'n bydrae lewer tot die opleiding en heropleiding van die vroulike professiebeoefenaar (byvoorbeeld maatskaplike werkers, onderwy= sers en verpleegkundiges). Vanweë verskeie redes het die oplei= ding en heropleiding van vroue nie dieselfde aandag as die oplei= ding van die man geniet nie;

* universiteitsdosente wat by voortgesette onderwysprogramme betrok= ke is, kan self baat deur die praktiese dienslewering van hulle studente (wat by voortgesette onderwys betrokke is);
* voortgesette onderwys aan universiteite is noodsaaklik vanweë die feit dat formele tersiêre onderwys 'n veel groter finansiële las op studente plaas as voortgesette onderwys (Lowe, 1973:122-123; vergelyk ook Carmichael, 1959:84).

Alhoewel voortgesette onderwys gewoonlik as 'n "deeltydse", of sydelingse aktiwiteit van die universiteit geag word, moet dit desnieteenstaande steeds as 'n baie belangrike aktiwiteit geag word. Stephens en Roderick (1978:5) sê " ... it should deploy a solid core of fulltime staff no less professionally trained than staff in other areas of education."

Die universiteit ag voortgesette onderwys ook nie as 'n blote statussim= bool nie. Dit is ook nie net 'n nuwe geleentheid vir diegene " ... who have missed the boat ..." om op 'n vroeëre stadium in hul lewe opleiding te ontvang nie (Stephens en Roderick, 1978:59). Voortgesette onderwys behoort die verantwoordelikheid van elke universiteitsdepartement te wees (Harrington, 1977:19).

Ten opsigte van opleiding van sy studente het die universiteit ook as taak om die student voor te berei op die feit dat voortgesette onderwys onontbeerlik is, met ander woorde dat universiteitsonderrig met die oog op die beoefening van 'n professie nie impliseer dat die persoon meteens volledig opgelei is nie (Stephens en Roderick, 1978:68). Voorts sê hulle ook soos ander skrywers (byvoorbeeld Harrington, 1977:83-84), dat die universiteit die bewussyn moet kweek dat persoonlike behoefte, maatskaplike verandering en vernuwing in die vakgebied, voortdurende voortgesette onderwys noodsaak (vergelyk ook De Vries, 1982:2). Die gedagte dat dit nie nodig is om te probeer om aan die student tydens sy voor- of nagraadse opleiding aan die universiteit 'n volledige oorsig en kennisinsig te gee nie, vat al meer pos. Veel eerder moet die veran= derde en nuwe kennis wat gedurende 'n persoon se beroepsloopbaan na vore kom aan hom tuisgebring word (De Vries, 1982:2).

Die omskrywing van voortgesette onderwys (kyk onder meer paragraaf 1.6.10) maak benewens indiensopleidings- en heropleidingsprogramme, ook vir algemeenvormende en kultuurverrykende programme voorsiening. Gevolglik lê dit op die universiteit se weg om in sy voorsiening van voortgesette onderwys ook aan hierdie aspek, by wyse van (byvoorbeeld) musiek- en drama-uitvoerings, die beoefening van die kunste in 'n verskeidenheid van vorme en lesings en seminare van 'n wye verskeidenheid, aandag te gee. Die doel hiermee is " ... to create a better cultural atmosphere..." en voorts ook om die universiteit aan die gemeenskap bekend te stel. Deur hierdie dienste word die "lewenskwaliteit" van die gemeenskap verbe= ter (Henderson, 1960:54).

Die "vyande" van die hedendaagse gemeenskap is onkunde, misverstand en selfvoldaanheid. Om hierdie "vyande" die hoof te bied, moet menslike hulpbronne deur onder meer onderwys en opvoeding ontwikkel word. Formele onderwys is in hierdie ontwikkelingsproses egter nie voldoende nie. Daar moet ook voortgesette onderwysgeleenthede vir alle landsburgers beskikbaar wees en dit is 'n besliste taak van die universiteit. Die universiteit se kennis en kundighede word aan soveel as moontlik mense beskikbaar gestel met die vertroue dat elke individu tot sy volle kapa= siteit sal kan ontwikkel (Shannon en Schoenfeld, 1965:V).

Die universiteit met sy kennis en kundighede oor 'n breë terrein, is by uitstek toegerus om voortgesette onderwys te voorsien (Porter, 1971: 202). Porter vat die taak van die universiteit in hierdie verband soos volg saam (1971:202):

* om oor 'n breë spektrum onderwys en opleiding aan gekwalifiseerde studente te bied om 'n verdere kwalifikasie (dit wil sê 'n graad, diploma of sertifikaat) te verwerf (dit dien vermeld te word dat die gangbare omskrywings van voortgesette onderwys egter nie vir sertifisering voorsiening maak nie, en gewoonlik word slegs 'n "bywoningsertifikaat" uitgereik - JBE);
* om indiensopleidings- en opknappingskursusse vir professiebeoefe= naars aan te bied;

* om geleenthede daar te stel vir plattelandse studente wat moeilik tot die universiteit kan toegang verkry, om deur "verlengingskur=susse" ("extension studies") aan voortgesette onderwys mee te doen (Porter sluit oënskynlik ook korrespondensiekursusse hierby in - JBE);
* om kursusse oor wetenswaardighede aan die breë publiek te bied (Porter sluit oënskynlik algemeenvormende en kultuurverryken=de kursusse hierby in - JBE).

Benewens die verskaffing van voortgesette onderwyskursusse en/of programme in al sy variasies het die universiteit ook die verantwoordelikheid om omvattende navorsing oor voortgesette onderwys te doen, byvoorbeeld:

* die onafhanklike leerder;
* die volwasse leerder;
* motiewe vir deelname deur volwassenes aan voortgesette onderwys=programme;
* die daarstel van alternatiewe onderwysprogramme in die lig van veranderende onderwysbehoeftes, veranderende lewensomstandighede en tegnologiese vooruitgang (Hesburgh et al., 1973:27).

Benewens onderrig en navorsing oor voortgesette onderwys behoort die universiteit ook die leiding te neem om voortgesette onderwys as sodanig uit te bou. In die VSA waar meer as honderd sentrums vir voortgesette onderwys aan universiteite (en kolleges) "gekoppel" is, dien dié sentrums as skakel tussen die gemeenskap en die universiteit in die koördinering van voortgesette onderwys op plaaslike en streeksvlak, en dra dus daartoe by dat letterlik elke landsburger voortgesette onderwysgeleenthede kan ontvang. Die funksionering van sodanige sentrums vir voortgesette onderwys hou bepaalde voordele in, onder meer dat gespesialiseerde voortgesette onderwys aangebied kan word. Aldus kan sommige sentrums op voortgesette onderwys vir die professiebeoefenaar ingestel wees, andere kan by navor=sing betrokke wees terwyl die groter sentrums wat ook moontlik finansiële steun ontvang (byvoorbeeld van die Kellogg Foundation) selfs op internasio=nale basis kan funksioneer (Hesburgh et al., 1973:29-30).

Die feit dat die universiteit 'n verpligting het om sy bronne aan 'n stelsel van voortgesette onderwys beskikbaar te stel en om nie slegs voltydse en na-uurse onderrig aan voor- en nagraadse studente te bied nie, word aanvaar (Turner, 1980:73). Die bydrae van die universiteit in die voorsie= ning van voortgesette onderwys is in die volgende geleë:

* die verskaffing van voortgesette onderwys aan persone wat in volwas= se onderwysaktiwiteite betrokke is, byvoorbeeld geneeshere, maat= skaplike werkers, opleidingsbeamptes in die nywerheid en dosente aan tegniese institute;
* die voorsiening van algemeen- en kultuurverrykende asook algemeen-wetenskaplike kursusse;
* die aanbieding van seminare en lesings om die gemeenskap te stimu= leer om gestelde doelwitte te bereik;
* om met ander instansies en organisasies wat by voortgesette onder= wys betrokke is in die beplanning van doelwitgerigte voortgesette onderwysprogramme saam te werk;
* om navorsing oor alle aspekte van voortgesette onderwys te doen en ook mee te werk met ander instansies in dié verband - insluitende studies en projekte wat deur ander instansies geïnisieer word, en die beoordeling van die universiteit se eie werk in dié verband;
* om opleiers en gemeenskapsdienswerkers wat ook kan meehelp om die voordeligste vorme van voortgesette onderwys te vestig en uit te bou, op te lei. Dit is na Turner (1980:73) se mening die belangrikste enkele taak van die universiteit ten opsigte van 'n stelsel van voortgesette onderwys (kyk ook paragraaf 3.4.4 in verband met indirekte gemeenskapsdiens);
* om die bereidwilligheid te openbaar om te reageer op aansoeke om hulp en advies deur belanghebbendes by die instelling en evalue= ring van doelwitgerigte programme van voortgesette onderwys (Tur= ner, 1980:73).

Hierdie sienings van Turner word in wese ook deur Tobias (1980:79-86) gehuldig. Hy vermeld voorts ook dat die universiteit deur middel van voortgesette onderwys in <u>hoëvlakmannekragbehoeftes</u> kan help voorsien. In dié verband sê hy dat dit 'n " ... time-honoured function..." van die

universiteit is om in die hoër onderwys en professionele opleiding vir sekere professionele groepe in die gemeenskap te voorsien.

3.5.3 Die taak van die universiteit om deur voortgesette onderwys te (help) voorsien in hoëvlakmannekrag

3.5.3.1 Omskrywing van hoëvlakmannekrag

"Hoëvlakmannekrag speel 'n sleutelrol in alle ekonomiese stelsels en is die kerngroep wat daarvoor verantwoordelik is om ontwikkeling en groei aan die gang en voort te sit. Persone uit hierdie groep vervul die onder= nemersfunksie, dra die risiko's, neem die leiding en skep werkgeleenthede vir ander werkers. Hulle is verantwoordelik vir tegnologiese vooruitgang op alle gebiede en moet verseker dat sake-ondernemings en die openbare sektor hul posisie in 'n mededingende wêreld handhaaf" (Witskrif insake Hoëvlakmannekrag, 1980:paragraaf 1.4).

Een van die uitgangspunte in die "Witskrif" (1980) wat vermelding verdien, is die volgende:

> "Die beplanning vir en ontwikkeling van Hoëvlakmannekrag vorm 'n belangrike deel van die totale mannekragstrategie in 'n land. Vir hierdie doel kan verskillende strata in die werkerskorps onderskei word. Die boonste stratum is die Hoëvlakmannekrag en *dit is die pri= mêre taak van die universiteite (en technikons) om hierdie groep op te lei en sorg te dra vir hulle heropleiding"* (eie kursivering - JBE)(Witskrif insake Hoëvlakmannekrag, 1980: paragraaf 1.5).

3.5.3.2 Die implikasies hiervan vir voortgesette onderwys deur die univer= siteit

Dit is duidelik dat opleiding en heropleiding (dit wil sê voortgesette onderwys - JBE) die taak van die universiteit is.

'n Belangrike vraag in hierdie verband is hoe die universiteite se fasili= teite doelmatiger vir opleiding en heropleiding van hoëvlakmannekrag gebruik kan word. Daar moet op die volgende gewys word (Van Zyl, 1982:

61-68):

* die besettingsfrekwensie van die fasiliteite sal bepaal in welke mate dit vir die opleiding en heropleiding (dit wil sê voortgesette onderwys - JBE) van hoëvlakmannekrag gebruik kan word;
* aansporing tot gemeenskapsdiens deur 'n subsidiestelsel aangesien universiteite die koste hiervan nie alleen kan dra nie;
* benutting van fasiliteite tydens universiteitsvakansies;
* beter roosterbeplanning;
* meer doelgerigte skakeling tussen die universiteit en die handel en nywerheid, kamers van koophandel, koördinerende rade en professionele rade;
* moontlike benutting van deeltydse dosente om die las van permanente dosente te verlig;
* heropleiding van vroue (kyk ook paragraaf 3.5.2);
* behoeftebepaling ten opsigte van voortgesette onderwys in streke met 'n hoë bevolkingsdigtheid (byvoorbeeld die RSA se anderkleurige bevolkingsgroepe) waar daar 'n groot agterstand ten opsigte van hoëvlakmannekrag is.

### 3.5.4 Amptelike standpunt van Suid-Afrikaanse universiteite oor voortgesette onderwys

Tydens 'n Werkseminaar in 1982 het afgevaardigdes van Suid-Afrikaanse universiteite aan die noodsaak van voortgesette onderwys en die funksie van die universiteit in 'n stelsel van voortgesette onderwys, aandag gegee. 'n Werkstuk van die Komitee van Universiteitshoofde (KUH, 6 Junie 1977) het as basis vir die besprekings en gevolgtrekkings gedien (Universiteit van Stellenbosch, 1982:52).

Na aanleiding van 'n ondersoek deur die KUH se Onderkomitee vir voortgesette onderwys is tot die volgende gevolgtrekkings geraak (Universiteit van Stellenbosch, 1982:52):

* voortgesette onderwys het 'n essensiële element van elke onderwysstelsel geword, is ook van kardinale belang vir Suid-Afrika en behoort as sodanig erken te word;

* sekere aspekte van voortgesette onderwys kan slegs of op die mees effektiewe wyse, deur universiteite behartig word (kyk ook para= graaf 3.5.2);

* die voorsiening van voortgesette onderwys het finansiële implika= sies en ten einde ten minste die gedeelte van die koste wat nie deur kursusgangers gedek kan word nie te bekostig, is staatssubsi= diëring verkieslik.

Uit die bespreking op die Werkseminaar het dit voorts na vore getree dat voortgesette onderwys verskeie vorme kan aanneem en op verskillende vlakke en om verskillende redes aangebied kan word. Omdat universiteite grootliks outonoom is, kan hulle self bepaal welke variasie van voortge= sette onderwys aangebied kan word. Daar kan egter slegs op staatsubsidie aanspraak gemaak word indien die voortgesette onderwys van wesenlike belang vir die gemeenskap is en indien dit nie "goedkoper" of bevredigend deur ander instansies aangebied kan word nie.

Die KUH het dit gestel dat een van die belangrikste aktiwiteite van voort= gesette onderwys deur die universiteit die voorsiening van heropleiding op na-graadse en na-diplomavlak aan professiebeoefenaars is, met ander woorde die bybring van nuwe kennis, kundighede, nuwe tegnieke en ontwik= kelings binne die betrokke vakgebied (kyk ook paragraaf 3.5.2).

Die KUH het dit voorts duidelik gestel dat vorms van voortgesette onderwys wat gewoonlik slegs, of op die mees effektiewe wyse, deur universiteite aangebied kan word, die volgende insluit:

* "balancing studies" van akademiese aard en ontwerp om vroeëre spesialisasie aan te vul;

* "role education", ontwerp om agtergrondkennis en toepaslike vaar= dighede vir groepe wat by gemeenskapsdiens betrokke is, te bied; (dit kan beroepsgroepe of vrywillige werkers wees, byvoorbeeld raads= lede van plaaslike owerhede en ander verkose ampsdraers);

* inligtingskursusse vir die publiek oor aktuele sake (byvoorbeeld beveiliging van die omgewing, die energievraagstuk, gesondheids= aspekte en ekonomiese ontwikkelings);

* kulturele verryking en ontsluiting op gevorderde vlak (Universiteit van Stellenbosch, 1982:54).

Die KUH het bevind dat dit dikwels slegs universiteite is wat oor die geriewe, personeel en organisasiestruktuur beskik om die nodige kursus of program aan te bied (kyk ook paragrawe 1.6.11 en 3.5.2).

Ten opsigte van finansiering van voortgesette onderwys het die KUH dit gestel dat persone wat die voordeel van sodanige opleiding geniet, die koste, of die grootste gedeelte daarvan, behoort te dra. In die meeste gevalle sal die professionele lui in staat wees om die koste of die groot= ste deel daarvan, te kan bekostig (Universiteit van Stellenbosch, 1982:54).

Dit mag ook voorkom dat die universiteit, indien finansieel daartoe in staat, die " ... kursus na die student neem ..." in plaas van die student na die kursus te laat kom (Universiteit van Stellenbosch, 1982:54)(kyk ook hoofstuk 5).

3.5.5 Die beheer oor voortgesette onderwys aan universiteite

Daar is verskeie moontlike vorme van beheer oor voortgesette onderwys aan universiteite en die volgende drie word ter illustrasie vermeld:

* voortgesette onderwys is by universiteitsonderwys geïntegreer en vorm derhalwe deel van (byvoorbeeld) 'n Buro vir Universiteitson= derwys;

* voortgesette onderwys word geheel afsonderlik en onafhanklik binne (byvoorbeeld) 'n Buro vir Voortgesette Onderwys beheer en geadmini= streer;

* voortgesette onderwys word administratief deur 'n universiteitsamp= tenaar hanteer (Kapp, 1982:122; vergelyk ook Tobias, 1980:87; kyk ook hoofstuk 5).

Die belangrikste <u>doelstellings</u> van beheer oor voortgesette onderwys aan die universiteit kan soos volg saamgevat word:

* koördineer alle voortgesette onderwysaktiwiteite;
* is verantwoordelik vir finansiële administrasie en boekhouding

van projekte;

* doen verslag aan 'n hoër liggaam (byvoorbeeld beheerraad of senaats=komitee), en
* bepaal beleid (Kapp, 1982:122).

Die belangrikste funksies van beheer kan die volgende wees:

* skep die nodige infrastruktuur vir die effektiewe funksionering van voortgesette onderwys;
* ontvang, evalueer en keur aansoeke van (byvoorbeeld) fakulteits=komitees vir programme van voortgesette onderwys;
* voorsien finansieringskanale vir die aanbieding van voortgesette onderwysprogramme;
* hanteer verslae van programme, en
* evalueer kursusse na afloop daarvan (Kapp, 1982:122).

3.5.6 Die noodsaak van gekoördineerde voortgesette onderwysaksies

Voortgesette onderwysaksies aan universiteite word dikwels teen hoë koste en sonder merkwaardige sukses gedupliseer, byvoorbeeld voortgesette onder=wysprogramme wat deur fakulteite self, en nie deur die voortgesette onder=wyseenhede nie, aangebied word. Voordele van gekoördineerde voortgesette onderwysaksies is onder meer die volgende:

* die waarde daarvan vir verskillende departemente wat met mekaar kan saamwerk en kennis en kundighede wedersyds tot mekaar se beskik=king stel. Voorts kan dit tot doeltreffende kontak en voortgesette skakeling tussen universiteit en professionele rade lei;
* effektiewer programme kan as gevolg van 'n " ... all university ..."-benadering aangebied word. So 'n benadering kan onder meer deur koördinerende voortgesette onderwyskomitees bewerkstellig word (Universiteit van Stellenbosch, 1982:36).

### 3.5.7 Vereistes waaraan voortgesette onderwys deur universiteite voorsien behoort te voldoen

In aansluiting by die noodsaak van gekoördineerde voortgesette onderwys=aksies (kyk paragraaf 3.5.6), stel Tobias (1980:87) vier vereistes waaraan universiteite in hulle voorsiening van voortgesette onderwys behoort te voldoen, naamlik:

* elke universiteit moet sy eie voortgesette onderwysbeleid, gegrond op 'n omvattende vertolking van sy taak ten opsigte van die voorsie=ning van voortgesette onderwys, wat ook navorsing, ontwikkeling, nuwe inisiatiewe en onderrig insluit, formuleer;
* in die lig van hierdie breë vertolking moet elke universiteit sy doelstellings met voortgesette onderwys duidelik formuleer en bekend stel. Hierdie doelstellings moet periodiek hersien en aangepas word;
* elke universiteit behoort oor 'n afsonderlike eenheid, sentrum, buro, departement of instituut vir voortgesette onderwys te beskik. Die finansiële voordele wat só 'n eenheid kan behaal, moet nie die primêre oogmerk wees nie, ofskoon dit meestal verwag word dat die eenheid selfonderhoudend moet wees. Ten einde te verseker dat akademiese standaarde gehandhaaf word, kan die eenheid aan 'n fakulteit (byvoorbeeld Opvoedkunde), gekoppel wees, of deur 'n beheerraad wat uit akademici saamgestel is, beheer word. Die eenheid behoort voortdurend die inisiatief te neem om departemente wat 'n bydrae tot voortgesette onderwys kan lewer, te inspireer;
* dit is noodsaaklik dat die hoof van die eenheid sitting op die universiteitsenaat (of ekwivalent daarvan), en toegang tot die rektoraat behoort te hê (kyk ook hoofstuk 5: struktuur en beheer van voortgesette onderwyseenhede).

## 3.6 DIE FINANSIERING VAN VOORTGESETTE ONDERWYS AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVER= SITEITE

### 3.6.1 Die noodsaaklikheid van owerheidsfinansiering van voortgesette onderwys

Owerheidsondersteuning van die voorsiening van voortgesette onderwys aan universiteite, is tans tot die voorsiening van fisiese geriewe beperk, byvoorbeeld lesinglokale, biblioteek en laboratoriums, en die aanstelling, volgens die subsidietoekenning van die Staat aan universiteite, van een administratiewe beampte om voortgesette onderwys te beheer en te koördi= neer (University of Cape Town, 1981:100). Hierdie bepaling word deur die verskillende universiteite verskillend vertolk soos duidelik sal blyk uit 'n volledige omskrywing van voortgesette onderwyseenhede aan Suid-Afrikaanse universiteite (kyk hoofstuk 5).

Dit word deur die Departement van Nasionale Opvoeding bepaal (University of Cape Town, 1981:100), dat kort opknappingskursusse aangebied kan word, maar dat dit selfonderhoudend behoort te wees. Aktiwiteite soos konferen= sies en somer- en winterskole is nie noodwendig akademies van aard nie en ook nie noodwendig gerig op "intellektuele verbetering" nie. Dit word voorts gestel dat hierdie aktiwiteite goedskiks ook deur ander in= stansies aangebied kan word (byvoorbeeld die tak Kultuursake van die Departement van Nasionale Opvoeding)(University of Cape Town, 1981:101).

Toelaes of skenkings aan universiteite ingevolge die Inkomstebelasting= wet, wet 58/1962 (soos gewysig), mag nie vir voortgesette onderwys aange= wend word nie. Slegs skenkings en toelaes waarvoor belastingkortingsertifi= kate uitgereik word, mag vir voortgesette onderwys aangewend word (Univer= sity of Cape Town, 1981:101).

Dit is egter 'n feit dat daar mettertyd aan Suid-Afrikaanse universiteite "eenhede" vir voortgesette onderwys tot stand gekom het. Aan hierdie "eenhede" word voortgesette onderwys in die vorm van indiensopleidings= kursusse vir professiebeoefenaars en ook algemeenvormende programme aange= bied. Aldus is institute, sentrums of buro's vir voortgesette onderwys daargestel (University of Cape Town, 1981:101; kyk ook hoofstuk 5 vir

die strukture van hierdie voortgesette onderwyseenhede). Behoeftes word uitgewys en toepaslike programme, kursusse, seminare en simposia word aangebied.

Ten opsigte van die siening dat bepaalde voortgesette onderwysaktiwiteite goedskiks deur ander instansies aangebied kan word, is dit egter 'n feit dat die universiteit ten opsigte van akademiese dissiplines soos (byvoor= beeld) sosiologie, psigologie, maatskaplike werk, volkekunde, regte en tale oor groter kennis, kundigheid en ervaring as ander instellings beskik (University of Cape Town, 1981:101; kyk ook paragraaf 1.4). Dit is egter andersyds so dat staatsteun vir universiteite tot goedgekeurde onderrig en navorsing, soos gedefinieer deur die Departement van Nasionale Opvoe= ding, beperk is, en wel vir studente wat aan die universiteitstoelatings= vereiste voldoen (University of Cape Town, 1981:101).

Die aangeleentheid van staatsubsidiëring van voortgesette onderwys aan universiteite geniet reeds vir 'n geruime tyd deur onderhandelings die voortgesette aandag van sowel die owerheid as die Komitee van Universi= teitshoofde (Smit, 1982:91-102; Du Plessis, 1982:105-107). In hierdie onderhandelings is dit duidelik gestel dat voortgesette onderwys nie as 'n " ... blote aanhangsel" tot die universiteitstaak gesien kan word nie (Robinson, 1982:115). Alle professionele opleiding sal voortdurend deur die professiebeoefening voortgesit moet word ten einde aan die eise wat aan die professie gestel word, te kan voldoen (kyk ook paragraaf 1.1).

Dit is voorts duidelik, en by herhaling, gestel dat indien daar ooit 'n stadium was dat universiteite 'n "ivoortoring"-siening gehuldig het, hierdie siening tot die verlede behoort (Robinson, 1982:115; kyk ook paragraaf 3.5.2). Die tempo van ontwikkeling van die gemeenskap en die tegnologie het sodanig geword dat dit van universiteite vereis word om hulle onderrig- en navorsingsprogramme ten volle te integreer met dié van professionele verenigings, die behoeftes van die handel en nywerheid en tot die voordeligste aanwending van opgeleide en gekwalifiseerde manne= krag.

Die yweraars vir staatsubsidiëring van voortgesette onderwys aan universi= teite stel dit egter andersyds (vergelyk Robinson, 1982:115 en University of Cape Town, 1981:101) dat dit nie van universiteite verwag kan word om 'n bydrae tot die voorsiening van voortgesette onderwys te lewer sonder die finansiële steun van die owerheid nie. Voortgesette onderwys behoort nie deur die owerheid slegs as 'n essensiële onderdeel van die universiteits= taak geag te word nie, maar inderdaad as 'n aspek van hoër onderwys wat steeds noodsaakliker word.

### 3.6.2 Finansieringsbronne vir voortgesette onderwys aan universiteite

Een van die belangrikste knelpunte in die bevordering van voortgesette onderwys aan universiteite is die doeltreffende finansiering daarvan en dit verg van die universiteit om inisiatiewe aan die dag te lê om fondse vir dié doel te vind. Voorbeelde van sodanige finansieringsbronne is die volgende (Smit, 1982:93; kyk ook hoofstuk 5).

#### 3.6.2.1 Die kursusganger

Die kursusganger het 'n plig om finansieel tot sy eie ontwikkeling by te dra (kyk ook paragraaf 2.9). Dié finansiële verpligting word ook as beginselstandpunt in onderwysvoorsiening aanvaar (RGN, 1981:15).

##### 3.6.2.1.1 Kursusgelde

Dit kan met stelligheid beweer word dat universiteite voortgesette onder= wys, in vergelyking met universiteitsklasgelde, teen 'n "lae tarief" aanbied (Smit, 1982:93). Dit word algemeen so aanvaar deur die algemene publiek, en hoër (en meer realistiese) kursusgelde word dikwels met teenkanting begroet.

In dié verband ontstaan die vraag of kursusgangers wat volgens die huidige en ook 'n toekomstige subsidiestelsel van die Staat aan voortgesette onder= wyskursusse deelneem, nie pro-rata meer as die voorgraadse en na-graadse student behoort te betaal nie, omdat hulle reeds 'n inkomste verdien (Har= rington, 1977:193).

Kursusgeld word deur verskeie faktore beïnvloed, byvoorbeeld administra= tiewe koste, reklamekoste, getal ure in klasse of laboratorium (ook bekend as kontakure), vergoeding van dosente en gebruik van oudiovisuele apparaat (Harrington, 1977:193).

3.6.2.1.2 Skenkings

Skenkings word met of sonder voorwaardes aan die universiteit as sodanig gedoen. Spesifieke skenkings vir voortgesette onderwys is tans nie van noemenswaardige omvang nie (Smit, 1982:93).

3.6.2.2 Die private sektor

3.6.2.2.1 Handel, nywerheid, rade en institute

Die verantwoordelikheid van dié sektor om tot die voortgesette onderwys van sy werknemers en lede by te dra, word ook as beginsel in onderwysvoor= siening aanvaar (vergelyk RGN, 1981:15).

Ten spyte van die eie beroepskundige opleiding deur private instansies voorsien, is daar vele terreine waarop universiteite by uitnemendheid geskik is om voortgesette onderwys aan te bied. Universiteite beskik reeds oor toepaslike onderwysgeriewe en kan die opleiding derhalwe "goed= koper" aanbied. Groter finansiële steun van die private sektor aan univer= siteite kan daartoe lei dat in ruimer mate in opvoedkundige en/of beroeps= kundige behoeftes van private instansies voorsien kan word (Smit, 1982:94).

Die volgende voorbeelde van finansiering van voortgesette onderwys deur die private sektor verdien vermelding (Smit, 1982:94):

3.6.2.2.1.1 Skenkings

Geldskenkings kan verskeie vorms aanneem, byvoorbeeld borgskappe, beurse en ander toekennings.

3.6.2.2.1.2 Kontrakte vir opleiding

Hier word verwys na kontrakte tussen die universiteit en instansies in die private sektor met die oog op die lewering van 'n opleidingsprogram vir byvoorbeeld 'n spesifieke teikengroep (byvoorbeeld die kleinsakeman of die opleidingsbeampte in die nywerheid). Die teikengroep kan werkne= mers van die organisasie wat die kursus aanvra of werknemers van 'n ander organisasie, wees (Smit, 1982:94; vergelyk ook University of Port Eliza= beth, 1982:1-4).

3.6.2.2.1.3 Advertensies

Advertensies van maatskappye in prospektusse en inligtingstukke van voort= gesette onderwysaktiwiteite is nie 'n noemenswaardige bron van inkomste nie (Smit, 1982:96).

3.6.2.2.1.4 Uitstallings

Uitstallings van dienste en apparaat deur leweransiers is ewenas adverten= sies nie 'n groot bron van inkomste nie. Dit kan egter meehelp om die universiteit en sy voortgesette onderwysaktiwiteite bekend te stel (Smit, 1982:96).

3.6.2.2.1.5 Voorsiening van kursusmateriaal

Voorbeelde van sodanige materiaal is skryfbehoeftes, naametikette, verver= sings en onthale. Dit is koste-items vir die aanbieder van die voortge= sette onderwyskursusse en deur skenking daarvan word derhalwe koste bespaar.

3.6.2.2.1.6 Onderwysmediakunde

Ewenas by formele onderwys is onderwyshulpmiddels soos die oorhoofse projektor en video-apparaat ook by voortgesette onderwys onontbeerlik. Koste kan bespaar word deur die bruikleen of skenking daarvan aan die universiteit of voortgesette onderwyseenheid.

3.6.2.2.1.7 Reis- en verblyfkoste van referente

Die gebruik om gassprekers van elders en selfs vanuit die buiteland tydens 'n voortgesette onderwyskursus te laat optree, hou vir firmas groot reklame= waarde in. Dit bring voorts 'n besparing vir die voortgesette onderwys= eenheid mee.

3.6.2.2.1.8 Sosiale funksies

Sosiale funksies, etes, onthale en dinees vorm dikwels 'n belangrike deel van voortgesette onderwysprogramme. Vanweë die reklamewaarde daarvan is firmas dikwels bereid om die koste van sodanige funksies te dra.

3.6.2.2.1.9 Drukkoste

Tydens alle voortgesette onderwyskursusse word van gedrukte programmatuur gebruik gemaak, byvoorbeeld lesings, referate, programme, inligtingstukke en brosjures. Vanweë die hoë koste van drukwerk, sal 'n skenking daarvan derhalwe aansienlike besparing vir die voortgesette onderwyseenheid mee= bring.

3.6.2.2.1.10 Byvoordele

Deur middel van byvoordele wat in diensvoorwaardes omskryf is, behoort werknemers aangemoedig te word tot deelname aan voortgesette onderwysak= tiwiteite. Voorbeelde van sodanige byvoordele is studieverlof, kursus= geld, reis- en verblyfkoste* en die moontlikheid van salarisverbeterings na die suksesvolle bywoning, of blote bywoning indien eksaminering nie ter sprake is nie, van voortgesette onderwysprogramme (vergelyk Smit, 1982:98).

---

*Dit is in verskeie oorsese lande gebruiklik dat koste aangegaan vir die bywoning van voortgesette onderwyskursusse aftrekbaar is van persoon= like inkomstebelasting van kursusgangers (kyk hoofstuk 4).

Hierdie aspek word ook beklemtoon deur die Mannekragkommissie (Witskrif van die regering oor hoëvlakmannekrag, 1980: paragraaf 2.4.2).

3.6.2.2.1.11 Professionele organisasies of verenigings

Die voortgesette opleiding van professionele en semi-professionele lui is een van die belangrikste terreine van onderwysvoorsiening waarop uni= versiteite kan figureer (Smit, 1982:99).

Verpligte voortgesette onderwys (kyk paragraaf 2.6.6) is ŉ voorbeeld van die waarde wat dié instansies aan voortgesette onderwys heg.

Ooreenkomste met professionele liggame kan universiteite in staat stel om finansiering vir voortgesette onderwysaanbiedings te bekom en om na= vorsing oor voortgesette onderwys te doen.

3.6.2.3 Owerheidsfinansiering van voortgesette onderwys

3.6.2.3.1 Die sentrale owerheid

ŉ Belangrike bydrae wat die staat tot die finansiering van voortgesette onderwys aan universiteite kan lewer, is onder meer deur belastingtoege= wings aan individue en die private sektor ten opsigte van skenkings en ander finansiële bydraes aan universiteite (Smit, 1982:100; vergelyk ook (Hesburgh et al., 1973:108).

ŉ Verdere moontlike bydrae is die finansiering van voortgesette onderwys= programme vir staatsamptenare.

3.6.2.3.2 Die provinsiale owerheid

Benewens finansiële bydraes tot voortgesette onderwys van werknemers, kan ŉ bydrae ook deur die beskikbaarstelling van fisiese fasiliteite, byvoorbeeld klaskamergeriewe van skole, gelewer word.

3.6.2.3.3 Plaaslike owerhede

Die bydrae van plaaslike owerhede tot voortgesette onderwys aan universi= teite is in die beskikbaarstelling van fisiese fasiliteite geleë, byvoor= beeld vervoer, huisvesting, onthaalkoste en lokale. Hierbenewens kan 'n bydrae ook in direkte finansiering van opleiding vir plaaslike ower= heidsamptenare en raadslede geleë wees (vergelyk University of Port Eli= zabeth, 1982:1-4; Hesburgh et al., 1973:108).

3.7 TEN SLOTTE

Deur die eeue heen het die taak van die universiteit in wese onveranderd gebly, naamlik om te onderrig (kennis oor te dra), nuwe kennis te skep (navorsing) en om die plaaslike en nasionale gemeenskap te dien. Aan hierdie funksies word verskeie variasies geheg, byvoorbeeld die beoefening van die wetenskap, navorsing en die toerus van mense (deur onderrig) om 'n professie te beoefen.

Die gemeenskapsdienstaak van die universiteit is deur die tegnologiese ontwikkeling regdeur die wêreld beïnvloed sodat in toenemende mate ook aandag aan die opleiding, heropleiding en indiensopleiding van professie= beoefenaars gegee moes word. Dit geld in die eerste instansie vir diegene wat reeds vir 'n professie opgelei is, maar wie se kennis as gevolg van tegnologiese ontwikkeling en ander faktore mettertyd verouderd raak. Dit geld egter andersyds ook vir diegene wat om een of ander rede nie geleentheid tot universiteitstudie gehad het nie.

Dit kan onomwonde gestel word dat die universiteit, vanweë sy besondere kundigheid, 'n besliste taak ten opsigte van die plaaslike gemeenskap het omdat hy onder meer sy studente uit dié gemeenskap trek en ook finan= siële steun uit dié gemeenskap ontvang. Die universiteit het voorts ook 'n taak teenoor die nasionale gemeenskap om in toenemende mate deur die voorsiening van voortgesette onderwys in mannekragbehoeftes te help voorsien.